

SARS KONFISKEER 198.49 KG KRISTAL-METAMFETAMIEN TER WAARDE VAN R 2 MILJOEN

PRETORIA, Maandag 13 Mei 2019 - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) se doeane-beamptes het gister gedurende die vroeë oggendure 'n vroulike reisiger onderskep wat gepoog het om 198.49 kg gekristalliseerde metamfetamien (meth), ter waarde van R2 miljoen, Suid-Afrika binne te smokkel by die Beitbrugse grens.

Die insident het afgespeel toe die vroulike reisiger, met twee tasse, gevra is om haar besittings deur die doeane bagasie inspeksie-area te neem. Met deursoeking, is 'n naaswit kristalagtige middel gevind, versteek in veelvuldige kleurvolle beursies, wat positief getoets het.

Die goedere is gekonfiskeer en aan die Suid-Afrikaanse Polisie (SAPD) oorhandig vir veilige bewaring en verdere ondersoek, en die verdagte is gearresteer.

'n Voorlopige ondersoek dui aan dat die reisiger vanaf oorsee na 'n naburige land gevlieg het en Suid-Afrika per bus probeer binnekom het.

Plaaslike polisie het intussen die saak aan die Valke oorhandig vir verdere ondersoek. Die verdagte sal na verwagting vandag nog in die Musina Magistraatshof verskyn.

Die suksesvolle operasie is die uitslag van voortgesette samewerking tussen SARS en ander grens-gebaseerde wetstoepassingsagentskappe wat toegewyd bly tot die beskerming van ons grense en die fasilitering van wettige handelsdryf.

